# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS GRAAD 3

**EK IS BANG VIR VOLSTRUIS**

Ek is bang vir Volstruis
Met sy lang slangnek
As hy aankom na my
Moet ek my bene rek

Ek is bang vir die slurp
Van ou Olifantbul
Met sy ore wat flap
En sy tande wat krul

Maar ou Trapsuutjies
Met sy ogies wat draai
Kan maar enige tyd
Aan my vinger kom swaai

**HESTER HEESE BOKMAKIERIE SING TAFELBERG**

**HOOGMOED**

'n Padda op 'n buiteplaas het hom mooi
eenmaal opgeblaas,
hy sê hy wil, wat dit ook kos,
so groot wees soos die grootste os.
Hy blaas hom op, net soos 'n bol,
sy rug word krom,
sy maagie hol, maar ag!
Jy hoor net tande knars,
want ons ou vriend het oopgebars.
Daar lê hy nes 'n droë beskuit
met al sy ingewande uit.
Dit is verdien, ons weet dit mos:
'n Padda word mos nooit 'n os!

**W H Boshoff (M. Rieck)**